Op weg na ’n eiesoortige Afrikaanse ekokritiek: ’n Ontleding van die gedigreeks “werf” in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog

Susan Smith

Susan Smith, Departement Afrikaans, Universiteit van Fort Hare

Opsomming

Die eerste deel van hierdie artikel werp ’n blik op die stand van die hoofstroom- literêre ekokritiese diskoers en hoe internasionale uitgangspunte van mekaar verskil. ’n Aantal vrae word gestel: Wat is die stand van ekokritiek internasionaal? Hoe verskil onderskeie plekke se ekokritiese uitgangspunte van mekaar? En uiteindelik ook: Hoe sou ’n Afrikaanse ekokritiek daar uitsien?

Ek wil in hierdie artikel betoog dat *plek* sentraal staan in hoe ’n Afrikaanse ekokritiek gesien word; dat plek, plekgehegtheid en plekverbintenis onlosmaaklik verbonde is aan ’n ekokritiese perspektief op Afrikaanse literatuur, en dat dit aan die basis van sosiopolitieke denke lê. Voorts stel ek ’n Afrikaanse ekokritiek voor wat ’n multifokale perspektief as uitgangspunt het: Dit is ’n ekokritiek wat nie net fokus op ’n essensialistiese Westerse ekokritiek wat ekofeminisme, plekgesentreerdheid en die agentskap van plek insluit nie, of op ’n postkoloniale denke wat grootliks op die mens fokus en dus inherent antroposentries is nie, maar ’n postkoloniale ekokritiese Afrikaanse raamwerk wat met ’n ruim blik na plek en omgewing en die niemenslike en nielewende kyk binne ’n groter konteks van plekverbintenis, plekverbondenheid en verplasing, wat ruimte vir ’n versnyding van die Westerse en die postkoloniale ekokritiese perspektiewe laat. Gegewe die stand van internasionale ekokritiek en die groter klem op grensoorgang en insluiting, is dit krities belangrik dat die stem van so ’n eiesoortige ekokritiek internasionaal hoorbaar word, en dat dit verwoord word deur mense van en in hierdie Suid-Afrikaanse geografiese landskap.

Die artikel oorweeg in wese die Afrikaanse ekokritiek, wat een van die sisteme binne die groter Suid-Afrikaanse en Afrika- ekokritiese sisteme is. By nadere bestudering van ’n Suid-Afrikaanse Engelse ekokritiek sal daar waarskynlik raakpunte gevind word, maar ook wesenlike verskille, wat die gelykstelling van die twee sisteme aanvegbaar maak.[1] Ekokritiese ondersoek na die kleiner, dog steeds belangrike sisteme van die ander landstale mag moontlik kollektief kragtige

gewig dra weens die feit dat dit verteenwoordigend is van ’n veel groter aantal mense in hierdie plek as wat die geval met die Engelse en Afrikaanse sisteme mag wees.[2] Uiteraard kan daar nie in die omvang van ’n enkele artikel genoegsaam aandag aan die groter kontekste gegee word nie, daarom dus die fokus op die Afrikaanse ekokritiek.

Daar moet uit die staanspoor duidelik gemaak word dat hoewel daar van ’n artikel soos hierdie verwag sou word om nie net na die “waarheen” en “wat” van ’n Afrikaanse ekokritiek te kyk nie, maar om ook ’n blik te werp op die bestaande navorsing, dit nie die fokus van die artikel is nie. Hierdie artikel staan op die skouers van bestaande navorsing, maar wil veral wys op die eiesoortige aard van die Afrikaanse ekokritiek deur die sentrale verbintenis daarvan tot ’n eiesoortige geografiese plek.

In die tweede deel van die artikel gebruik ek die aangeduide ekokritiese uitgangspunte as metodologie aan die hand waarvan die gedigreeks “werf” uit die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog ondersoek word en aangetoon word hoe ’n moontlike Afrikaanse ekokritiek daarop toegepas kan word.

Trefwoorde: Afrikaanse ekokritiek; ekokritiek; Antjie Krog; postkoloniale ekokritiek

Abstract

Towards a distinctive Afrikaans ecocriticism: Analysing the poem series “werf” (“yard”) in the poetry volume *Mede-wete* (2014) by Antjie Krog

The first part of this article focuses on the state of mainstream literary ecocritical discourse, and how international perspectives differ. Several questions are posed: Where is South Africa on the ecocritical radar? As part of this Global South, how far have we come in establishing a South African or African ecocriticism? How does our local ecocriticism compare with international ecocriticism in terms of literary theory formation and international discourses? Most importantly: What would an Afrikaans ecocriticism look like?

I argue that *place* is central to how an Afrikaans ecocriticism is seen or conceptualised; that place, place attachment and place commitment are inextricably linked to an ecocritical perspective on Afrikaans literature, and that they underlie socio-political thinking. Furthermore, I propose an Afrikaans ecocriticism that has a multifocal perspective as its point of departure: It is an ecocriticism which does not only focus on an essentialist Western ecocriticism that includes ecofeminism, place-centredness and the agency of place, or on a postcolonial thinking which focuses largely on man and is therefore inherently anthropocentric. It is a postcolonial ecocritical Afrikaans framework with a broad view of place and environment and the non-human and non-living, looking at a larger context of place connection and displacement, which allows for a blending of Western perspectives and postcolonial ecocritical perspectives. Given the state of international ecocriticism and the greater emphasis on border crossing and inclusion, it is critically important that the voice of such a distinctive ecocriticism should be heard internationally, and that it should be articulated by people from and in this South African geographical landscape.

The article essentially considers Afrikaans ecocriticism, which is one of the systems within the larger South African and African ecocritical systems. On closer study of a South African English ecocriticism, connections and agreement would probably be found, but also significant differences, which make regarding the two systems as equal or equivalent, debatable. Ecocritical research into the smaller, yet still important systems of the other national languages may possibly carry collectively powerful weight due to the fact that they are representative of a much larger number of people in this place than may be the case with the English and Afrikaans systems. The scope or focus of this article is, however, on Afrikaans ecocriticism.

It must be made clear from the outset that although an article like this would be expected not only to look at the "where" and "what" of an Afrikaans ecocriticism, but also to take a look at existing research, this is not the focus of the article. This article stands on the shoulders of existing research, but aims to point out in particular the distinctive nature of Afrikaans ecocriticism through its central commitment to a distinctive geographical location.

Since the nature of ecocriticism is inherently transnational, multicultural, transdisciplinary and multifaceted, it confirms precisely that within an Afrikaans ecocriticism we cannot necessarily detach ourselves from international trends. The most critical statement of our time is Tally's statement that spatial studies are inevitable in any contemporary study of literature (Tally 2013:4). In an era of globalisation, literary space studies are certainly not accidental – globalisation, multi- and transnationalism, the growing interest in literature of the Global South and other forms of cultural border crossing confirm the role that place and place transition play. The central position that *place* has in these studies indicates that place now more than ever before must be seen in the same way as markers such as race and gender.

A South African ecocriticism will inevitably have to account for the relationship that people of this country have with the place where they live, and continue to investigate how the place has been used and abused in the past as a tool of power and politics. It should look at how people are currently living and dealing with place and the transgressions of the present, where we as people of this country are heading in our relationship with this piece of earth on which we live, how we live on it and how we share and protect it. Postcolonial investigations over the past two or three decades have done much to address our awareness of injustices of the past. An ecocritical approach will assist to broaden the strong connection between identity and place, and serve to enrich the postcolonial investigations into South African literature.

Postcolonial ecocriticism should be seen as more than just a greening or expansion of post-colonialism. In addition to the obvious contradictions between anthropocentric and ecocentric perspectives, the point of contact between postcolonialism and environmental studies is precisely the paradoxical fact that the landscape was influenced by man and that colonialism was always about land and influenced by people and country. Deliberate displacement of people over years, one of the core actions of colonialism, did not occur in isolation. Similarly, the placement and displacement of plant and animal species from the Global South to the North and throughout the European imperial empire took place – a large-scale global diaspora of humans, plants and animals, and of non-living natural resources such as gold, diamonds, coal and oil, which, according to Huggan and Tiffin (2015:6), makes cultural and environmental restitution almost impossible. Postcolonial ecocriticism has the role of advocacy to fulfil, both in relationship to the real world and in the fictional spaces that are created in which reflection is done on how the real world can be transformed.

During the past few years new role players, among others Susan Meyer, Susan Smith, Andries Visagie, Franci Greyling, Erika Lemmer and Louise Viljoen, have entered ecocritical research. The specific topics include place and place specificity, urban ecocriticism, animal studies, new materialism, object-oriented ontology, geocriticism, ecocriticism and philosophy, African ecocriticism, ecology and identity, nature and identity, postcolonial ecocriticism, dystopian ecology, and new animism. From the above topics of ecocritical inquiry it appears that we mostly include the same overarching trends as our international counterparts. The question can be asked whether there are any differences between an Afrikaans and a Western ecocriticism. I argue here that an Afrikaans ecocriticism predominantly situates *place* as central, and secondly, that we are predominantly dealing with a postcolonial ecocriticism. A comprehensive definition of an Afrikaans ecocriticism will entail a necessary blending of existing ecocritical attitudes or even ecocriticisms, mainly mainstream ecocriticism and postcolonial ecocriticism. The uniqueness is therefore not located in the theoretical framework as such, but in the research material, and in the material, social and geographical specificities and place-bonds.

A definition of a specific Afrikaans postcolonial ecocriticism might be: a) It is an eco-centred ecocriticism of place as a material and geographical space of agency in which there is a unique and interactive connection between man and the non-human and non-living in this space; b) in coherence and interaction with the above, a postcolonial ecocriticism of place as personal space, as origin and identity, taking into account the politically charged context of place, the history of place and man; and c) the manner in which these two aspects are expressed in cultural products such as literary texts, specifically Afrikaans texts on the South African geographical landscape.

In the second part of the article I use the above ecocritical points of departure as a methodology on the basis of which a series of poems, "werf" ("yard") from the volume *Mede-wete* (2014) by Antjie Krog is investigated and demonstrates how a possible Afrikaans ecocriticism can be applied. The interaction and connection of Antjie Krog as a writer and poet with space and place are remarkable. Her long-standing discourse with the landscape and specific places is present throughout her oeuvre. As one of the most prominent poets and writers in Afrikaans literature, Krog is nationally and internationally viewed with respect, not only as a writer and poet, but also as a public figure who comments on the South African language and society in multiple ways. What makes Krog exceptional as a writer is her transcendence of a single angle or focus. Her texts call for a transdisciplinary approach, and with each new text that appears she increasingly challenges the boundaries of literary theory and an unambiguous view. From the vast array of theoretical frameworks already used in the past to look at Krog's work, the transdisciplinary framework of postcolonial ecocriticism is particularly apt to engage with Krog's most recent volume of poetry, *Mede-wete* (literally "co-knowledge") (2014).

The multi-voiced nature of the series of poems succeeds in making all the voices of the people who live on the "site" resonate; the earth itself also adds its voice. Guilt and injustice, love, longing, displacement, alienation, but also hope are expressed in an intertwining of relationships between what is on and what is of the earth.

In conclusion, to take a look at the Afrikaans postcolonial ecocriticism does not mean to make a binary distinction between ecocriticism on the one hand and postcolonialism on the other hand. I advocate for a comprehensive, inclusive perspective of an ecocriticism that creates space for all connections.

Ecocriticism as a literary theory of place is the one theory that enables us to read this interconnectivity of all things. The matrix as found in Krog's poetry is the matrix of the universe – of all living and non-living and human and non-human things, the relationships of these things to one another and the "mede-wete" that whatever we think and do on this place at the southern tip of Africa is intertwined with all things and all people.

Keywords: Afrikaans ecocriticism; ecocriticism; Antjie Krog; postcolonial ecocriticism

1. Inleiding

Ekokritiek, 'n wye heterogene beweging, het vanaf 'n randstandige posisie wat selfs nog so onlangs soos die eerste dekade van die 21ste eeu van krag was, toenemend na die sentrum van literêre diskoers beweeg. Die toename in gesofistikeerde en weldeurdagte teoretiese konseptualisering oor omgewingsfaktore kan gesien word as 'n regstelling van die voorafgaande randstandigheid, terwyl die transdissiplinêre aard van teoretisering bydra tot die verruiming van perspektief, beide vir die literêre dissipline en vir al die verwante dissiplines.

Hoewel ekokritiek reeds sedert die 1970's internasionaal begin ontwikkel het, is dit in die afgelope 10 jaar dat ons hierdie raamwerk standhoudend in Afrikaanse letterkunde toepas. Drie dekades van internasionale ekokritiese diskoers en 'n gedefinieerde omgewingsbewussyn laat geen twyfel dat ekokritiek as teoretiese raamwerk nie net 'n groot impak laat op hoe ons na die kultuurprodukte van ons samelewing kyk nie, maar veral ook op die wyse waarop ons na die wêreld om ons en na ons plek en rol in hierdie wêreld kyk. In die lig van dramatiese grensverskuiwings en ontwikkeling op die terrein van ekokritiek bestempel Slovic, Rangarajan en Sarveswaran (2015:2) ekokritiek as een van die vinnigs groeiende en sosiaal dringendste vertakkinge van menswetenskappe.

Teoretici wat die golfmetafoor gebruik, identifiseer internasionaal vier golwe om die ontwikkeling oor die afgelope drie dekades te karteer. Slovic, Rangarajan en Sarveswaran (reds.) (2015:vii e.v.) bied 'n bruikbare opsomming wat kortliks hier onder saamgevat word.

Die eerste golf gedurende die middel-1990's se fokus was op wildernis, Anglo-Amerikaanse niefiksie en diskursiewe ekofeminisme; die tweede golf was die meer internasionaal inklusiewe golf, met 'n swaai na die stedelike ervaring en erkenning van omgewingsreg en aardreg. Die tweede golf sluit ook die postkoloniale bewussyn in oor 'n breë spektrum van genres. Die derde golf word gekenmerk deur vergelykende en selfkritiese en tendense. Die meer onlangse duidelik onderskeibare vierde golf fokus op 'n indringende toepassing van die nuwe materialisme se woordeskat en denkwyse oor omgewingsestetika, en 'n dringender toewyding tot die skep van menslike omgewingswetenskappe wat bydra tot die mensdom se ondersoek na die uitdagings van volhoubaarheid in 'n wêreld wat aan die verwarm is.

Tans val die klem internasionaal op die groeiende behoefte aan ondersoeke na materialiteit, na die oorsteek van nasionale grense deur meer vergelykend te werk te gaan en selfs ekokritiese toepassing in nienatuurlike kontekste uit te voer. Die mees onlangse navorsing dra by tot die begrippe nuwe materialisme, objekgeoriënteerde ontologie, agentskap, stedelike ekologie, kultuurekologie, posthumanisme, omgewingskommunikasie, die Antroposeen, terraformasie en die apokalips. Ook die geokritiek ontvang toenemende aandag, 'n studieterrein waarin

geografiese begrippe op literêr-teoretiese wyse op literêre tekste van toepassing gemaak word om ’n uitgebreide begrip van plek tot stand te bring. Die vrae wat gevra word, strek selfs verder as die natuur, en probeer om ekokritiese toepassings in nienatuurlike kontekste te vind.

Hoewel die sogenaamde golwe van ekokritiek ’n nuttige hulpmiddel is om die verloop van die ekokritiese beweging internasionaal te karteer, is die grense nie klinkklaar nie en wil hierdie artikel eerder fokus op die uitdagings in terme van die formulering van ’n Afrikaanse ekokritiek. Hier te lande blyk dit dat die Afrikaanse ekokritiek, moontlik weens die later toetrede tot die debat, nie vervat kan word in spesifieke golwe of bewegings nie, maar vrylik oor die grense van hierdie sogenaamde bewegings en fokusareas beweeg.

Omdat die aard van ekokritiek inherent transnasionaal, multikultureel, transdissiplinêr en veelvormig is, bevestig dit juis dat ons onsself nie noodwendig kan losmaak van internasionale tendense nie. Schliephake (2015:195) wys daarop dat wat begin het as ’n herbesinning oor die rol van letterkunde en kultuur in ons interaksie met die niemenslike omgewing, ontwikkel het in ’n nuwe dissipline met verskeie subvertakkinge wat verreikende epistemologiese en ontologiese impak het binne ’n toenemend transdissiplinêre raamwerk, ’n raamwerk wat geskiedenis, wetenskap, geografie, sosiologie, sielkunde, filosofie en vele meer insluit. Duidelike parallelle met postkoloniale denke word bespeur wat toenemend op die voorgrond tree en van belang is vir ’n genuanseerde blik op ’n eie ekokritiek. Ekokritiek maak dus voorsiening vir die studie van die skakeling nie net tussen letterkunde en omgewing nie, maar ook tussen al hierdie transdissiplinêre perspektiewe wat die mens in staat stel om die interkonnektiwiteit van kennis, verskynsels, mense en representasie te ontleed en te begryp. Die studie van plek, sowel natuurlike as vervaardigde plek, omvat die mens se betekenis-makende prosesse van sowel lewende niemenslike as nielewende vorme in ’n geïntegreerde sisteem van verhoudings – verhoudings wat in literêre tekste ontleed kan word.

In haar artikel “Greening the library: The fundamentals and future of ecocriticism” meen Johnson (2009:10) dat dit juis hierdie transdissiplinêre aard van ekokritiek is wat bes moontlik daartoe kan bydra dat die term *ekokritiek* met verloop van tyd in onbruik kan raak en vervang word deur of verfyn word met ’n korpus terme wat oor die hele spektrum interdissiplinêr na die mens se verhouding met die niemenslike en nielewende verwys. Die argument van Johnson oortuig nie heeltemal nie, en ek voorsien dat soos alle ander groot teoretiese bewegings, die term en definisie die toets van die tyd sal deurstaan hoewel groter diversiteit en verruiming voorsien kan word. Johnson (2009:10) beweer wel dat bykans geen ander teoretisering oor literatuur nie op een of ander manier ook ’n bewussyn van plekverbondenheid insluit nie, al word dit nie noodwendig ekokritiek genoem nie, en hiermee stem ek saam. *Ruimtelike studies*, wat bykans alle vorme en permutasies van eko- en geokritiek insluit, word al meer as sambreel-term gebruik, en word verkies deur teoretici soos Tally (2013:4). Die sentrale posisie wat *plek* in hierdie studies inneem, dui daarop dat *plek* nou meer as ooit tevore op dieselfde wyse gesien moet word as merkers soos *ras* en *geslag*, soos ek vroeg reeds beklemtoon het (Smith 2012b).

Die ikoniese stelling van Michel Foucault in 1967, “We are in the epoch […] of space” (in Foucault en Miskoviec 1986:22) is volgens Robert Tally jr. nóú selfs meer van toepassing as tóé (in Darici 2015:29). Tally sê dat ons omring is deur “profound spatiality” op die gebiede van postmoderne kuns, argitektuur, letterkunde en filosofie (Darici 2015:29), wat uiting vind in die kartering van plek as die enkele belangrikste aksie tans in ruimtelike studies (Tally 2013:4). Die mees kritieke stelling van ons tyd is Tally se uitspraak dat ruimtelike studies onvermydelik is in enige eietydse studie van literatuur (Tally 2013:4). In ’n era van globalisering

is studies oor literêre ruimte, of dan literêreruimtestudies, beslis nie toevallig nie; globalisering, multi- en transnasionalisme, die toenemende belangstelling in literatuur van die Globale Suide en ander vorme van kulturele grensoorgang bevestig die rol wat plek en plekoorgang speel.

Hoewel verbintenisse nie altyd sigbaar is nie, het die fokus op globalisering daartoe gelei dat die wyse waarop uiteenlopende en selfs teenstrydige plekke met mekaar verbind is, uitgelig word. Meer nog: Die transformerende effek van moderne tegnologie wat daartoe bydra dat ons sin vir ruimte en verbintenis verandering ondergaan het, lewer terselfdertyd ook ’n bydrae tot ons sin van reële plek deurdat ons nuwe verbintenisse en plekgehegthede deur tegnologie kan opbou.

In die ondersoek na die verteenwoordiging van plek in literêre tekste, die verhouding tussen literatuur, geografie en kartografiese praktyke, en die rol van plek en ruimte in kritiese teorie, is dit duidelik dat inter- en transdissiplinêre benaderings produktiewe verbintenisse met verskeie dissiplines tot gevolg het. Tally en Battista (2016:xi) dui op die belangrike rol wat ruimte- en plekgeoriënteerde literêre studies speel om die eietydse literêre kritiek onder die vaandels van literêre geografie, literêre kartografie, geofilosofie, geopoësie, geokritiek, ekokritiek en ruimtelike menswetenskappe in die algemeen te transformeer deur die aandag op die dinamiese verhoudings tussen plek, ruimte en literatuur te vestig.

Hierdie artikel wil voortbou op vorige navorsing (Smith 2012a, 2012b, 2015, 2016 en 2021) wat plek sentraal stel in ’n blik op hoe ’n Afrikaanse ekokritiek daar uitsien. Dit wil wys op die multifokale perspektief wat deurlopend as uitgangspunt gebruik word waardeur ’n blik op ekokritiek ook ’n postkoloniale ekokritiese blik insluit waardeur beide die menslike en niemenslike kontekste ontgin word. Deur multifokalies en multidissiplinêr te werk te gaan, word die tot dusver meestal Europese, Amerikaanse en Kanadese fokus en die gepaardgaande golwe van ondersoek ingesluit en aangevul deur ’n groter begrip van die komplekse verhouding tussen mens, plek en histories-sosiale kontekste. Die artikel werp lig op die Afrikaanse ekokritiese sisteem, wat een van die sisteme binne die groter Suid-Afrikaanse en Afrika-ekokritieksisteme is, en wat ook sy plek op die internasionale terrein van ekokritiek wil inneem. Die beperkinge van die artikel is ooglopend, en die artikel wil nie namens die groter Suid-Afrikaanse ekokritiek praat nie, hoewel ooreenkomste baie waarskynlik is. Uiteraard sal die artikel verwys na ’n Suid-Afrikaanse ekokritiek weens die verweefde aard van die sisteme. So ’n ondersoek waardeur nie net die Engelse Suid-Afrikaanse literatuursisteem nie, maar ook die kleiner maar beduidende en belangrike sisteme van die ander landstale ondersoek word, sal baie daartoe bydra om ’n oorkoepelende Suid-Afrikaanse ekokritiek daar te stel.

2. Ekokritiek en internasionale perseptuele verskille

Om na die plaaslike te kyk, moet ons ook die globale in ag neem, wat belangrike vrae laat opduik. Hoe word die begrip *ekokritiek* oor verskillende kontinente en tale heen verstaan? En daarmee samehangend: Word sleutelterme en -begrippe soos *natuur*, *pastoraal*, *wildernis*, *tuin*, *land* en *grond* dieselfde geïnterpreteer? Watter uitdagings bied die vertaling van terme en begrippe in die verskillende tale en kulture?

In ’n paneelbespreking (Flys 2010) met deelnemers hoofsaaklik uit Europese lande word interessante lig gewerp op sommige van hierdie vrae. Hoewel reeds ’n dekade later, bly heelwat

argumente geldig en ’n aantal interessante feite kom na vore, veral ten opsigte van die onderskeid tussen Amerikaanse en Europese ekokritiek.

Wat uit die bespreking blyk, is onder andere dat Wes-Europese ekokritiek meer deur teorie gedryf word as Amerikaanse ekokritiek; dat weens die grootliks verkultuurde en menslik bewerkte omgewing in Europa, wildernis minder belangrik blyk te wees in Europese ekokritiek as die pastorale (Axel Goodbody in Flys 2010); dat Amerikaanse ekokritiek se assosiasie met die natuur dikwels verwant is aan nasionale identiteit; en die teendeel: dat as gevolg van die Nazi-ideologie van Bloed en Aarde, Duitse ekokritiek juis min nasionale identiteit openbaar of insluit. Goodbody (in Flys 2010) voer verder aan dat daar nie ’n vertaling vir “sense of place” in Duits is nie, en dat bemoeienis met plek, plekverbondenheid, identifisering met en toewyding tot die natuur en omgewing in Duitsland uiting vind in dialoog oor “Heimat”, wat Goodbody in die paneelbespreking (Flys 2010) met “homeland” vertaal. Met Goodbody se vertaling van *Heimat* as *homeland* en ons eie gelykklinkende term *tuisland* plaas dit ons onmiddellik binne die problematiese politieke en historiese konteks eie aan Suid-Afrika en Afrikaans en die besef van die plaaslike politieke en koloniale geladenheid van die woord vanweë die voormalige Nasionale Party se tuislandbeleid.

Nog ’n voorbeeld van ’n begrip/term met historiese en kulturele verskille is *landskap*, wat in verskillende tale en geografiese gebiede uiteenlopend gedefinieer word. Volgens Oscarson (2010:18) verwys *landscape* in Engels uitsluitlik na kulturele produksie, dus ’n mensgemaakte, herskepte of veranderde landskap. Die woord word in Engels aangetref sedert ongeveer die 15de eeu, en hoewel dit binne die genoemde konteks wat Oscarson voorhou, gebruik word, het die woord nie beperk gebly tot hierdie enkele betekenis nie en het die verspreiding van Engels, veral deur kolonisasie, daartoe bygedra dat betekenisverruiming plaasgevind het. Verwant aan die Engelse *landscape* is die Nederlandse *landschap*, van waar die Afrikaanse woord sy oorsprong het. Hierdie *landschap*, skryf Schama (1995:10), “signified a unit of human occupation, indeed a jurisdiction” en het oorspronklik betrekking op die Nederlandse drooggelegde land wat deur menslike ingenieurspraktyke tot stand gebring is (Smith 2012b:908). In ander tale, soos Sweeds en ook Afrikaans (Smith 2012b:908), verwys *landskap* na beide die natuurlike (menslik onaangeraakte) landskap en die herskepte landskap.

Die invloed van ’n Westerse koloniale siening van landskap is veelvoudig. Reeds in 1988 lewer J.M. Coetzee in sy studie *White writing* (1988:40) kommentaar op hoe vroeë koloniale kunstenaars soos William Burchell gepleit het vir die estetiese waarde van die Suid-Afrikaanse landskap ten spyte daarvan dat dit nie aan die sogenaamde norm van Europese estetiek voldoen het nie, waarvolgens daar “distant mountains, a lake in the middle distance, and a foreground of rocks, woods, broken ground, cascades or ruins” verwag is. Coetzee is van mening dat ten spyte van die soeke na “African beauty”, Burchell se estetika “but a modified European picturesque” (Coetzee 1988:41) aanbied. Sy siening kom dus daarop neer dat hy landskapverteenwoordiging sien as ’n proses van die koloniale wat sigself in die Suid-Afrikaanse konteks inplaas deur landskap steeds as ’n Europese estetika te beskou, en wat dan alte maklik terugval in die patrone van die bewondering van die pastorale en wildernis. Veranderinge in persepsies sien literatuur wat binne die raamwerk van die *pastorale* val, toenemend as ’n vorm van epistemiese kolonialisme en aanspraakmaking (Huggan en Tiffan 2015:123), waardeur die “ander” stilgemaak en tot die voordeel van die self aangewend word.

Ook die begrip *wildernis* het met verloop van tyd bepaalde betekenisveranderinge ondergaan, nogeens ’n voorbeeld van politieke en kulturele geladenheid en globale verskille in persepsies.

Die begrip *wildernis* word enersyds as chaos gesien: 'n *terra incognita*, 'n terrein wat onversteurd deur permanente inwoners is, ongerep, onaangeraak en verafgeleë, die ander, die teenoorgestelde van kultuur, die gevreesde, en plek van uitgeworpenheid – allerweë 'n verromantiseerde blik, meestal vanuit die Britse koloniale kultuur. Die daaropvolgende blik op wildernis fokus op wildernis as plek van rus, plek om nader aan die natuur te kom, natuurlik, en waar 'n outentieke lewenstyl gehandhaaf kan word (meestal 'n Amerikaanse blik). Tans word *wildernis* juis al meer gesien in samehang met die mens as deel van wildernis waar wisselwerking geskied. So 'n siening verhoed dat wildernis se plekspesifieke eienskappe nie juis die struikelblokke word wat uitgedaag word nie, en tot groter verantwoordelikheid lei.

Uit talle vergelykende en teenstellende persepsies wat in die afgelope tyd gevorm word, is dit duidelik dat daar in elke uithoek van die aarde waar mense woon of waardeur hulle reis, 'n unieke en belangrike visie van die verhouding tussen die menslike kultuur en die natuurlike wêreld bestaan, en dat dit drasties van plek tot plek kan verskil. Selfs hoe plek benoem en gedefinieer word, toon verskille en ondergaan veranderinge, wat op die uniekheid van elke plek dui. Verskille in perseptuele betekenisgewing van terme soos hier bo uitgelig is steeds belangrik, want dit vorm deel van die koloniale en postkoloniale geskiedenis en die gesprek wat steeds voortduur, omdat talle van hierdie persepsies ook steeds onderliggend van krag is. Ekokritiese perspektiewe in spesifieke streke is dikwels die gevolg van koloniale, postkoloniale en selfs neokoloniale toestande, terwyl inheemse kulturele praktyke en uitdrukkingswyses eweneens die metodologieë en doelstellings van spesifieke streke rig (Slovic, Rangarajan en Sarveswaran (reds.) 2015:vii), maar ook steeds deur hoofstroom navorsing bevraagteken word. Dit is duidelik dat debatte oor ekokritiek internasionaal gevorm en ingegee word deur verskillende geografiese, dikwels plaaslike, toestande, historiese en huidige kollektiewe gebeure en kulturele tradisies eie aan 'n bepaalde plek.

3. "Going South": ekokritiek en die Globale Suide

Hoe die wêreld gesien en verdeel word, is 'n belangrike bepaler vir die konteks van waar Suid-Afrika sigself binne die ekokritiek bevind. In *North-South: A program for survival* (Brandt 1980:19–20) wat deur die destydse Duitse kanselier Willy Brandt opgestel is, verwys hy na wat uiteindelik die Brandt-lyn genoem sou word: die onderskeid tussen die Eerste Wêreld- en Derde Wêreld-lande en tussen ryk en arm nasies. Die verslag is veral bekend daarvoor dat dit vir die eerste keer op dringende wyse ekonomiese ongelykhede regoor die planeet uitwys, met die waarskuwing van "a scorched planet of advancing deserts, impoverished landscapes and ailing environments" wat ons nageslag sal erf indien ons nie genoegsame aandag gee aan die omgewingsverval en die komplekse verhoudings tussen die verskillende gemeenskappe en die ruimtes wat ons bewoon nie (Slovic e.a. 2015:2). Die term *Globale Suide* is 'n geopolitieke term wat ná die val van die Sowjetunie grootliks die term *Derde Wêreld* vervang het. Binne die trans-Atlantiese konteks simboliseer "going south" nie net om na die diasporiese gemeenskappe van die Suidelike Halfrond op soek te gaan nie, maar ook suidwaarts na bioregionale plekke wat geaffekteer is deur die geweld van geskiedenis (Handley 2007:91).

In hulle inleiding tot *Ecocriticism of the Global South* wys Slovic e.a. (2015:1) tereg daarop dat die hoofstroom omgewingsdiskoers, in die besonder ekokritiek, tot onlangs institusioneel en epistemologies in Brittanje, Kanada en die VSA gesentreer was. Met die ontwikkeling van postkoloniale ekokritiek sedert 2005 word die sosiale bewussyn van omgewingsreg en ruimtelike

studie uitgebrei tot postkoloniale kontekste wat ten doel het om mense en omgewings globaal in te sluit. Slovic e.a. wys egter daarop dat die skryf en redigeer van navorsing oor ekokritiek grootliks uit Eerste Wêreld-perspektief deur Eerste Wêreld-akademici uitgevoer word wat namens die "subalternized human communities and degraded landscape" (Slovic e.a. 2015:2) praat, en dit is duidelik dat 'n ekokritiese epistemologie en etos wat vanuit die Globale Suide-perspektief aangebied word, nog grootliks onderverteenwoordig of niebestaande is. Ons staan tans aan die begin van 'n beweging wat bestempel kan word as "going South", die terug skryf van die Globale Suide, in dieselfde gees as "the empire writes back" soos Bill Ashcroft, Gareth Griffiths en Helen Tiffin dit bewoord het in hul klassieke teks oor postkolonialisme in 1989 (Ashcroft e.a. 1989). Derhalwe is agentskap aan die ongehoorde stemme noodsaaklik, iets wat Slovic e.a. probeer regstel deur die insluiting van skrywers vanuit of oor plekke in Asië, Suid- en Sentraal-Amerika, Oos-Europa, die Persiese Golf en Afrika, en subkulture uit Nieu-Seeland. In hierdie versameling word Anthony Vital ingesluit as 'n Suid-Afrikaanse stem met sy hoofstuk "Ecocriticism, globalized cities, and African narrative, with a focus on K. Sello Duiker's *Thirteen cents*", wat 'n ontleding bied van K. Sello Duiker se *Thirteen cents* (2000), Zakes Mda se *The heart of redness* (2000), Ngũgĩ wa Thiong'o se *Devil on the cross* (1980) en Doreen Baingana se *Tropical fish* (2005). Slovic e.a. (2015:2) voer aan dat hulle hierdeur stem gee aan akademici wat in die Globale Suide woon, wat hiervandaan kom of wat op ander wyses sterk betrokke is by en bekend is met die streke. Volgens hulle (2015:3) vra die komplekse verhouding tussen literêre tekste vanuit ontwikkelende streke van die wêreld en die bedreigde omgewings waar die tekste ontstaan, dat nuwe praktyke van lees van beide die tekste en die plek van mense binne hierdie omgewings aangewend sal word. Dit sal daartoe lei dat die ongelyke patrone van neoliberale ontwikkeling in die Globale Suide wat die lewens van miljoene wat op die natuurlike hulpbronne staatmaak vir oorlewing, uitgewys word.

In die epog van die Antroposeen het dit krities belangrik geword dat die menslike geskiedenis in die geskiedskrywing van die aarde ingevoeg moet word, en omgekeerd. Sosiopolitieke geskiedenis, sosiale bewegings oor landgrense en kontinente, objekte en gebeurtenisse speel 'n onontkombare rol. Dit is duidelik uit die ondervindings en geskiedenisse van kolonisasie dat verplasing en onteiening in die Globale Suide demonstreer dat menslike en natuurlike geskiedenisse nie wedersyds uitsluitend behoort te wees nie. Ekologiese waarheid is die dryfkrag agter historiese waarheid en die twee is onlosmaaklik verbind.

Huggan en Tiffin (2015:29) wys tereg daarop dat dit een van die sentrale take van die postkoloniale ekokritiek as ontwikkelende veld is om nie net die bestaande definisies uit te daag nie maar ook 'n lewensvatbare alternatief vir die Westerse ideologieë daar te stel. Hierdie ideologieë, wat hoofsaaklik politieke en ekonomiese belange in die oog het wat tot die Weste se voordeel is, word gesien as niks meer nie as verbloemde neokolonialisme, gevoed deur 'n koloniale mentaliteit van oorwaardering van industriële samelewings en devaluasie van bestaansgebaseerde gemeenskappe en samelewings waarin die harmonie tussen mens en omgewing 'n groter rol speel as materiële welvaart (Huggan en Tiffin 2015:33).

Dit is teen hierdie agtergrond dat ons ons dus die vraag afvra: Waar is Suid-Afrika op die ekokritiese radar? As deel van hierdie Globale Suide, hoe ver het ons gevorder om 'n Suid-Afrikaanse of Afrikaanse ekokritiek daar te stel? Wat het ons tot dusver bereik? Hoe vergelyk ons plaaslike ekokritiek met die internasionale in terme van literêre teorievorming en internasionale diskoerse? Wat is die ideologiese grondslag van ons ekokritiek? Watter rol speel *plek* in die Suid-Afrikaanse milieu?

4. ’n Afrika- en Suid-Afrikaanse ekokritiek

Suid-Afrika word dikwels gesien as die toegang tot Afrika – geografies, antropologies, histories en kultureel. Dink maar aan die tersaaklikheid van Maropeng se Wieg van die Mensdom, die Sterkfonteingrotte, die Vredefortkoepel, die Mapungubwe-kultuurlandskap, die Richtersveld, die St. Lucia-vleilande, die beskermde Kaapse Fynbos-areas en die Barberton Makhonjwa-bergland binne die konteks van natuurgebiede van uitstaande belang. Die ironie is egter dat Afrika tans internasionaal die “stil” kontinent is waar dit ekokritiek aangaan – daar word min oor Afrika as geografiese ruimte geskryf, en indien daar wel geskryf word, is dit meestal deur akademici buite die kontinent.

’n Diepgaande verbintenis tot grond, die plaaslandskap en uiteindelike verstedeliking is literêre temas wat in die verlede deeglik ondersoek is, hoewel nie spesifiek binne die raamwerk van die ekokritiese terminologie nie. Dink maar aan die ryk erfenis van plaasromans, vanaf die aanvangsjare tot nou toe, en ’n groot skat natuur- en landskappoësie wat gesien kan word as ’n register van plekke, niemenslike lewende en nielewende dinge eie en uniek aan ons land. Historiese tydgleuwe in die land se geskiedenis wat ’n bewussyn van apartheid, postapartheid en postkolonialisme insluit, het kwessies van grond en plek as mag na vore gebring. Nooit meer as juis nóú in die geskiedenis van Suid-Afrika, met die Onteieningswet steeds op almal se lippe, oproepe tot dekolonisering oraloor en die voortdurende diskoers oor pleknaamveranderings, is die wete van wat plek vir elke mens beteken, meer ter sake nie.

’n Suid-Afrikaanse ekokritiek sal dus noodwendig ook rekenskap moet gee van die verhouding wat mense van hierdie land het met die plek waar hulle woon. ’n Suid-Afrikaanse ekokritiek sal voorts ondersoek instel na hoe die plek in die verlede gebruik en misbruik is as mags- en politieke instrument. Daar behoort gekyk te word na hoe daar tans geleef en omgegaan word met plek en die vergrype van die hede, waarheen ons as mense van hierdie land op pad is in ons verhouding met hierdie stukkie aarde waarop ons woon, hoe ons daarop leef en hoe ons dit deel en beskerm. Postkoloniale ondersoeke van die afgelope twee of drie dekades het heelwat gedoen om ons bewussyn van onregte van die verlede aan te spreek. ’n Ekokritiese invalshoek sal daartoe bydra om die sterk verbintenis tussen identiteit en plek te verruim en ter verryking dien van die postkoloniale ondersoeke in Suid-Afrikaanse literatuur.

In ’n onlangse artikel werp Viljoen (2021) ’n blik op die breër Suid-Afrikaanse ekokritiek deur twee tekste, Henrietta Rose-Innes se *Green lion* (2015) en Alettie van den Heever se *Stof* (2018), vergelykend te ondersoek. Sy plaas klem op “die impak wat Suid-Afrika se koloniale geskiedenis gehad het, die verstrengeling van omgewingsake met sosiale kwessies en die land se talige en kulturele diversiteit” (Viljoen 2021:20). Sy merk tereg op dat daar waarskynlik nog heelwat samewerkende en vergelykende studie nodig is om ’n blik op ’n inklusiewe Suid-Afrikaanse ekokritiek te kan kry. In aansluiting hierby is dit egter belangrik om ook op die problematiese aard van die toepassing van ’n postkoloniale invalshoek tot ekokritiek te wys. Vital, wat bestempel kan word as een van die belangrikste bydraers tot die internasionale gesprek van ’n Afrika-ekokritiek, wys daarop dat ’n Afrika-ekokritiek sigself sal differensieer van ’n ekokritiek in die Noorde “which either [did not feel] compelled to engage with the consequences of European colonialism or found the available forms of postcolonial criticism to be inconsistent with ecological goals and strategies” (Vital 2008:88). Hy wys dus hierdeur nie net op die belangrikheid van die postkoloniale blik nie, maar ook op die feit dat sommige postkoloniale perspektiewe nie verenigbaar is met ekologiese doelwitte en strategieë nie: postkoloniale ekokritiek fokus veral op verplasing en ontworteling, terwyl die tradisionele,

meestal Noordelike ekokritiek veral aandag skenk aan die etiek van plek (Vital 2008:88). Vital se siening is eweneens van toepassing op die Afrikaanse ekokritiek.

Voorts maak Stanley en Phillips (2018:3) in hul ondersoek na ’n Suid-Afrikaanse ekokritiek ’n belangrike stelling, naamlik dat ons nie uit die oog moet verloor dat postkoloniale teorie grootliks die produk van die Globale Noorde is nie:

> It follows that the local engagement with postcolonial critiques on the part of academics working in the Global South cannot be a simple matter of boxing the compass and adding a dash of local color to familiar theoretical formulas generated elsewhere; they must instead be thoroughly recursive.

Gegewe die komplekse samestelling van die Suid-Afrikaanse landskap van sosio-ekonomiese, politieke en maatskaplike verskeidenheid, die erfenis van kolonialisme en apartheid, voortslepende geweld en korrupsie wat bydra tot swak bestuur, en die onvermoë tot ’n oortuigende politieke bestel, is dit duidelik dat ’n Afrikaanse ekokritiek, binne die raamwerk van ’n groter Suid-Afrikaanse sisteem, anders daar sal uitsien as ’n Europese, Kanadese of Amerikaanse ekokritiek. Eweneens is die natuurlike landskap veel anders, wat ’n deurslaggewende rol speel in hoe ’n eie ekokritiek daar sal uitsien.

Afrikaanse ekokritici kan dus ’n unieke bydrae tot die globale intellektuele insigte lewer deur op die spesifisiteite van die Suid-Afrikaanse landskap te fokus. Die unieke aard daarvan is nie geleë in ’n afsonderlike of ánder ekokritiek nie, maar in die feit dat die landskap en mense verskillend van die Westerse ekokritiek is, dat die samestelling van mens en plek en kultuur verskillend is en unieke element daardeur aangespreek sal word in ’n ekokritiek vanuit die Globale Suide.

Stanley en Phillips (2018:4) identifiseer twee strome waarop Suid-Afrikaanse ekokritiek reeds so ’n bydrae lewer, naamlik dierestudies en landskapekokritiek wat in gesprek met grondgebruik en die uitbuiting van natuurlike hulpbronne tree. Die beroep wat hulle (2018:9) doen, is op almal: “All of us, North and South, must interrogate ecocriticism’s foundational concepts by embracing a multidirectional ecocriticism, rather than asking black Africa to ‘respond’ to yet another white and/or Northern imposition.”

Ek wil in hierdie artikel voorstel dat een stroom van ekokritiek (’n hoofsaaklik Westerse ekokritiek) dus nie tot uitsluiting van die postkoloniale ekokritiek is nie; dat daar ’n gelyktydige fokus op al die uiteenlopende aspekte van ekokritiek kan wees, die breë saambestaan en n aas mekaar bestaan van ’n Afrikaanse ekokritiek wat beide ekogesentreerd en postkoloniaal belangrik is. Net so ook dat die golwe nie deur ’n historiese bril gesien moet word as lineêr opeenvolgend in tyd nie, maar ’n naas mekaar bestaan van aspekte wat steeds tersaaklik bly na gelang van die tekste wat ontleed word.

Postkoloniale ekokritiek, wat in die afgelope jare uit eie reg as dissipline ontwikkel het, moet gesien word as meer as net ’n vergroening of uitbreiding van postkolonialisme. Benewens die ooglopende teenstrydighede tussen antroposentriese en ekosentriese perspektiewe, is die raakpunt tussen postkolonialisme en omgewingstudies juis die paradoksale feit dat die landskap deur die mens beïnvloed is en dat kolonialisme altyd oor grond gegaan het en mense én grond(gebied) beïnvloed het. Dit is veral die werk van Huggan en Tiffin (2015) wat ’n groot bydrae lewer tot die postkoloniale ekokritiekdiskoers. Hulle beklemtoon hierdie feit: “The easy

assertion [...] that the postcolonial field is inherently anthropocentric (human-centred) overlooks a long history of ecological concern in postcolonial criticism" (2015:3). Doelbewuste ontheemding en verskuiwing van mense oor jare heen, een van die kernaksies van kolonialisme, het nie in isolasie geskied nie. Net so ook het die ontheemding en verskuiwing van plant- en dierspesies vanaf Globale Suide na die Noorde en regdeur die Europese imperiale ryk plaasgevind – 'n grootskaalse globale diaspora van mense, plante en diere, en van nielewende natuurbronne soos goud, diamante, steenkool en olie, wat volgens Huggan en Tiffin (2015:6) kulturele en omgewingsrestitusie bykans onmoontlik maak; en ironies genoeg is dit neokoloniale vergrype wat deurlopend nog gebeur. Dit gaan voorts ook oor meer as net die fisiese verskuiwing van mense en diere en nielewende dinge; dit gaan oor die geleidelike vaslegging van Westerse denkpatrone en ideologieë wat inheemse wyses van dink en doen vervang het. Wat in essensie nodig is, is wat Ngũgĩ wa Thiong'o "the decolonisation of the mind" noem, deur 'n epistemiese aanpak.

Ten spyte van die groot veld van navorsing in ekokritiek, omgewingstudies en selfs postkolonialisme, meen Huggan en Tiffin dat Engelse, en veral postkoloniale studies, die wisselwerking tussen natuur en kultuur en tussen dier en mens moet ondersoek:

> After all, postcolonialism's concerns with conquest, colonisation, racism and sexism, along with its investments in theories of indigeneity and diaspora and the relations beween native and invader societies and cultures, are also the central concerns of animal environmental studies. (Huggan en Tiffin 2015:6)

Hierdeur word die meer tradisionele Westerse en meer essensialistiese ekokritiese uitgangspunte van plek genoegsaam geproblematiseer. Dit is 'n uitgangspunt wat begrip toon vir die komplekse sosiale, omgewings- en kulturele dinamika wat menslike persepsie en ondervinding van hul omgewing kleur, maar verbind sigself met die materialiteit en agentskap van die niemenslike en nielewende omgewing. Voorts sal so 'n uitgangspunt daartoe bydra om vorme van ingeplaastheid en plekspesifisiteit na te gaan binne raamwerke wat kritiek lewer op verskynsels soos verplasing, ontheemding en onteiening. 'n Afrikaanse ekokritiek sal dus onteenseglik 'n inklusiewe postkoloniaal ekokritiese raamwerk wees wat verskillende benaderings, beide ekogesentreerd en postkoloniaal, tot omgewing akkommodeer en voorsiening maak vir die ondersoek na omgewingspolitiek wat spruit uit kontak, konneksie en verskille van die gemeenskappe wat die omgewing bewoon.

Postkoloniale ekokritiek word dus gedefinieer as 'n benadering waardeur daar in die literêre teks rekenskap gegee word van hoe die omgewing en die mens interkonnektief verbind is, hoe raamwerke van menslike tyd en politieke belange 'n rol speel en die gevolge van koloniale en neokoloniale mag sigbaar gemaak word met betrekking tot die omgewing (Huggan en Tiffin 2015). Volgens DeLoughrey en Handley (2013:25) reflekteer so 'n teorie as "a complex epistemology that recuperates the alterity of both history and nature, without reducing either to the other". Postkoloniale ekokritiek het die rol van voorspraak om te vervul, beide in die verhouding met die werklike wêreld en in die fiktiewe ruimtes wat geskep word waarin daar nagedink word oor hoe die werklike wêreld getransformeer kan word.

5. ’n Afrikaanse ekokritiese raamwerk

Gedurende die afgelope aantal jare, ná die eerste ekokritiese artikel in Afrikaans deur Meintjes (1995), het daar toenemend nuwe rolspelers tot ekokritiese navorsing toegetree. Andries Visagie (2013) voorspel in 2013 dat meer Afrikaanse literêre kritici hulself by Meyer en Smith se stemme sal voeg, en Meyer (2021) identifiseer die volgende rolspelers (in datumvolgorde) wat Afrikaanse tekste ekokrities ondersoek: Meyer (2006a, 2006b, 2008, 2010, 2012, 2014, 2015, 2019), Steenkamp (2011), Smith (2012a, 2012b, 2014), Van Heerden en Visagie (2013), Woodward en Lemmer (2014), Barendse (2016), Crous (2016), Fourie (2018), Burger (2019), Viljoen (2019 en 2021) en Marais (2020).

In haar oorsigartikel identifiseer Meyer (2022:87–8) vervolgens vyf ekokritiese navorsingstemas wat tot op hede in narratiewe literatuur ondersoek word. Die vyf temas handel opsommend oor menslike interaksie met die natuur, die natuur as persoonlike plek van identiteit, etiese kwessies rondom die mens se magsposisie oor die natuur, die positiewe rol van die natuur in menslike welsyn, en laastens die ondersoek na hoe historiese ontwikkeling deel vorm van die betekenis van landskap. Dit is dus duidelik dat daar reeds uitgebreid besin is oor die ekokritiek as raamwerk vir die ontleding van Afrikaanse tekste. Hoewel dit ’n handjievol artikels verteenwoordig in die breër literêrteoretiese landskap, is dit duidelik dat bepaalde tendense wel reeds sigbaar raak en spesifieke elemente meer prominent vertoon.

Spesifieke onderwerpe wat in die afgelope jare betrek word, is plek en plekspesifisiteit (Smith 2012a, 2012b, 2016, 2021 en Greyling 2015, 2017), stedelike ekokritiek (Coetzee 2015), dierestudies (Woodward 2008, Woodward en Lemmer 2008, Visagie 2013, Barendse 2016, Crous 2016, Viljoen 2019, Burger 2019), nuwe materialisme (Smith 2012, 2014a, 2014b, Neil van Heerden 2021), objekgeoriënteerde ontologie (Smith 2014a, 2014b, Burger 2019), geokritiek (Barendse 2013 en Smith 2021), ekokritiek en filosofie (Smith 2018), Afrika-ekokritiek (Vital 2008, 2015), ekologie en identiteit (Steenkamp 2011), natuur en identiteit (Meyer 2008, 2014), mens-natuur-verhoudinge (Meyer 2012, Smith 2016), postkoloniale ekokritiek (Visagie 2013), distopiese ekologie (Viljoen 2012), ruimtestudies (Smith 2021) en nuwe animisme (Van Heerden 2021).

Uit die opgawe van bogenoemde onderwerpe van ekokritiese ondersoek blyk dit dus dat ons meestal dieselfde oorkoepelende tendense as ons internasionale eweknieë in ons navorsing insluit. Die vraag kan gevra word of daar enigsins verskille is tussen ’n Afrikaanse en ’n Westerse ekokritiek. Ek wil hier argumenteer dat ’n Afrikaanse ekokritiek oorwegend *plek* sentraal stel, en daarmee saam dat ons oorwegend met ’n postkoloniale ekokritiek te doen het. ’n Herevaluasie van vorige navorsing wat met postkolonialisme as teoretiese uitgangspunt gewerk het, sal verdere raakpunte met postkoloniale ekokritiek aantoon. ’n Afrikaanse ekokritiek sou dus nooit slegs op die oorwegend Westers geïdentifiseerde kenmerke van ekokritiek kan fokus sonder om die bewussyn van koloniale kragte, politieke bewegings, historiese konteks en menslike invloed op plek in ag te neem nie. Ons kan die Afrikaanse ekokritiek ’n postkoloniale ekokritiek van plek noem, waarin plek insluitend van die sosiale en politieke kragte gesien word.

’n Afrikaanse ekokritiese raamwerk sal die hier onder gelyste kenmerke insluit, soos meestal reeds gevestig in bestaande navorsing waarna vroeër verwys is. Verwante aspekte wat nog nie ontgin is nie, word ook hier ingesluit en met hierdie lys word daar nie aanspraak gemaak daarop dat dit die enigste kenmerke is nie, maar juis dat dit ’n organiese en steeds ontwikkelende en

interkonnektiewe netwerk van eienskappe is, voortdurend aan die ontwikkel. Weens die verweefdheid van kenmerke word dit nie in ’n spesifieke volgorde aangebied nie, maar as ’n geheel van idees.

1. ’n Bewussyn en ontleding van plek as spesifieke persoonlike ruimte, as herkoms en identiteit.
2. ’n Ontleding van die unieke verbintenis tussen mens en plek.
3. ’n Bewussyn en ontleding van die politiese geladenheid van plek, soos ook weerspieël in byvoorbeeld plekname en die verandering wat plekname ondergaan, spesifiek binne die Suid-Afrikaanse landskap.
4. ’n Klem op die postkoloniale ekokritiese ontleding van plek en neokoloniale kragte wat op plek in sy verbintenis tot mense inwerk.
5. Menslike geskiedenis soos deur natuurlike geskiedenis geïmpliseer.
6. ’n Ondersoek na landskap en kollektiewe geheue.
7. Plek, ontheemding, vreemdelingskap en buitestanderskap.
8. Plek en bewoning van plek.
9. ’n Ondersoek na kultuur as ’n ekosistemies georganiseerde produk.
10. Die agentskap van plek.
11. Ingeplaastheid, plekverbondenheid en plekspesifisiteit.
12. Die sublieme en die nuwe sublieme.
13. Plek, interkonnektiwiteit en transnasionaliteit.
14. ’n Ondersoek na die geografiese landskap, die unieke kenmerke van hierdie landskap ten opsigte van die inheemse, en die wyse waarop die landskap self as stem of karakter in literêre tekste optree.
15. ’n Fokus op wildernisgebiede.
16. ’n Ondersoek na die unieke lewende niemenslike en nielewende waardeur ons omring is en die verhalende aard van hierdie dinge.
17. Geokritiese en plekspesifieke ondersoeke wat die unieke aard van die Suid-Afrikaanse geografiese landskap in ag neem en benoem en vergelykende tekste oor dieselfde plekke ondersoek.
18. ’n Ekokritiese denke van diversiteit en veelvuldigheid.
19. Met so ’n uitgestrekte kuslyn behoort daar ook aandag gegee te word aan see-etiek.
20. Geografie en ekokritiek as kulturele brug tussen mense van uiteenlopende plekke en agtergrond, ook as internasionale brugbouer tussen kontinente.
21. ’n Bewussyn en ekokritiese ontleding van water in ’n waterskaars land.
22. ’n Groter klem op bioregionale ekokritiek, in die lig van die bioverskeidenheid van die land.

’n Omvattende definisie van ’n Afrikaanse ekokritiek sal ’n noodsaaklike versnyding meebring van bestaande ekokritiese ingesteldhede of selfs ekokritieke, hoofsaaklik hoofstroom ekokritiek

en postkoloniale ekokritiek. Die uniekheid is dus nie geleë in die teoretiese raamwerk as sulks nie, maar in die ondersoekmateriaal, die materiële, sosiale en geografiese spesifisiteite en plekgebondenhede.

So ’n definisie kan wees: a) ’n Omgewingsgesentreerde ekokritiek van plek as ’n materiële en geografiese ruimte van agentskap waarin daar ’n unieke en wisselwerkende verbintenis tussen die mens en die niemenslikes en nielewendes in hierdie ruimte bestaan; b) in samehang en interaksie met bogenoemde, ’n postkoloniale ekokritiek van plek as persoonlike ruimte, as herkoms en identiteit, met inagneming van die politieke geladenheid van plek, die geskiedenis van plek en mens; en c) die wyse waarop hierdie genoemde aspekte tot uitdrukking kom in kultuurprodukte soos literêre tekste, spesifiek Afrikaanse tekste oor die Suid-Afrikaanse geografiese landskap.

Aan die hand van die bostaande inklusiewe teoretiese raamwerk word ’n ontleding van die gekose gedigreeks van Krog gedoen.

6. Ontleding van Krog-gedigreeks aan die hand van ’n Afrikaanse postkoloniale ekokritiek

Die omgang en verbintenis van Antjie Krog as skrywer en digter met ruimte en plek is merkwaardig. Haar jare lange diskoers met die landskap en spesifieke plekke soos Tafelberg, om maar een voorbeeld te noem, is deurlopend in haar oeuvre teenwoordig. Die belangrikheid van Tafelberg as geografiese en literêre plek is belangrik, gesien teen die agtergrond van die internasionale sigbaarheid van hierdie uiters herkenbare baken wat ook in 2012 die internasionale status as een van die nuwe sewe wonders van die natuur ontvang het. Vanaf “Lady Anne op Tafelberg” (in *Lady Anne*), “rondeau in vier dele” en “Vier seisoenale waarnemings van Tafelberg” (in *Verweerskrif*) tot “tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid” in *Mede-wete*, waar “die berg […] die kleur van gestoofde pienkgeprikte kwepers [strik]”, tree Krog nie net met die berg in gesprek nie, maar met die hele Suider-Afrikaanse geografiese landskap, postkoloniaal en ruimtelik. Nog ’n plekspesifieke ruimte wat Krog herhaaldelik besoek, is die Vrystaatse landskap van haar herkoms, die ruimte wat in die gekose gedigreeks ter sprake is.

As een van die mees vooraanstaande digters en skrywers in die Afrikaanse letterkunde word daar nasionaal en internasionaal met ontsag en bewondering na Krog gekyk, wat nie net as skrywer en digter nie, maar ook as openbare figuur op veelvuldige wyse kommentaar lewer op die Suid-Afrikaanse bestaan. Wat Krog as skrywer buitengewoon maak, is juis haar transendering van ’n enkele invalshoek of fokus. Haar tekste vra om ’n transdissiplinêre benadering, en met elke nuwe teks wat verskyn, daag sy toenemend die grense van literêre teorie en ’n eenduidige blik uit. Uit die groot verskeidenheid teoretiese raamwerke wat reeds in die verlede gebruik is om na Krog se werk te kyk, is die transdissiplinêre raamwerk van postkoloniale ekokritiek besonder geskik om met haar mees onlangse bundel, *Mede-wete* (2014), in gesprek te tree. In Smith (2016) is die ekokritiek as invalshoek gebruik om die slotgedig, “tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid” (118), in *Mede-wete* te ontleed. Die gesprek met die aarde, as deel van die mede-wete van alle dinge, en die vervlegting van mens en grond en klip en boom is ’n sentrale tema in die bundel, soos reeds op die buiteblad (agter en voor, as ’n eenheid) gesuggereer, waar twee koplose manlike figure oor stukke aarde toutrek.

Eienskappe van ’n Afrikaanse ekokritiek, soos in die voorafgaande bespreking weergegee, is deurlopend teenwoordig in die bundel, en ook in die gekose gedig. Daar word nie gepoog om die lys van eienskappe punt vir punt na te volg in die Krog-ontleding nie, maar eerder om te wys op die vervlegting en interkonneksie, nie net van die eienskappe nie, maar van die geheel van ’n Afrikaanse postkoloniale ekokritiek, soos dit by uitstek in hierdie teks blyk.

Die openingsgedigreeks in *Mede-wete*, “werf”, wat uit 13 gedigte bestaan, word in hierdie artikel ondersoek, gekies vanweë die gelaagde en multifokale blik op *plek* as troop. Die digter neem die leser op ’n landskapreis vanaf die eerste gedig in die reeks, “‘ek wil ’n graf hê om van om te draai’” tot die laaste gedig in die reeks, “Ouwerf”, ’n veelfasettige en veelstemmige kragtoer wat plek as sentrale merker in ’n eie Suid-Afrikaanse konteks ontgin. Een van die eerste uitgangspunte van ’n eiesoortige Suid-Afrikaanse ekokritiek, naamlik ’n ondersoek na die rol van *plek*, en hier spesifiek *grond*, word dus hier gevolg. Daar is ’n duidelike bewussyn van plek as spesifieke en persoonlike ruimte, en ook as herkoms en identiteit, soos uit voorafgaande bespreking blyk. Plek as verbintenis tussen mense, die mense se verbintenis met plek, eienaarskap, mag, identiteit en die agentskap van plek word sentraal gestel.

Alreeds met die titel van die gedig, “die werf”, word die leser midde-in die leksikale verwysingsraamwerke van die woord geplaas: werf as aarde, as grond, as erfgrond, as plaas, as afgekampte stukkie eiendom, as persoonlike besitting – dus ’n postkoloniale ekokritiese invalshoek. Die aanvang van die uitgebreide motto tot die gedig gee pertinent die leksikale uitleg van die term *werf*:

> **werf** s.nw.
>
> 1. Grond of terrein om ’n huis. 2. Oop plek waar aan skepe gewerk word. Uit Ndl. *werf* (al Mnl. in bet. 1, voor 1598 in bet. 2). Ndl. *werf* is ’n afleiding van die ww. *werven*, oorspr. in die bet. “draai”, en vandaar “beweging maak waardeur iets ingesluit of omhein word”, soos in die geval van ’n werf. (Bl. 9)

Leksikale verklaring as deel van die motto dra daartoe by dat die leser bewus word van aanvanklike afstand en intellektuele beredenering wat deur die ek-spreker in die gedig onderneem word, wat algaande tot ’n intiem-persoonlike verbintenis ontwikkel. Die selfstandige naamwoord *erf* as sinoniem vir *werf* word implisiet by die leser geaktiveer, wat die kwessie van erfenis en erfgrond by die konteks betrek.

Deur aanhalings uit gedigte van ’n vroeë anonieme digter, en uit Jan F.E. Celliers, Eugène Marais en N.P. Van Wyk Louw, kontekstualiseer Krog die term *werf* as besitting, as persoonlike ruimte, en die mens of man, meer eksplisiet, as heerser. Dit is veral die skokkende en ironiese vers “fragmente” van Anoniem (9) wat die toonaard vir die hele gedigreeks inlui:

> As ek ’n man is,
> dan moet ek ook ’n plaas hê;
>
> As ek dan ’n plaas het,
> dan moet ek ook ’n vrou hê;
>
> As ek dan ’n vrou het,
> dan moet ek ook ’n kind hê;

As ek dan ’n kind het,
dan moet ek ook ’n meid hê;

Die direkte analogie vanaf die besitterskap van grond tot geslags- en rassediskriminasie is duidelik in hierdie gedig – ’n driedubbele onderwerping van geslag, ras en plek. Die gebruik van die raspejoratief *meid* druk nie net ’n gebruikstaal uit wat tekenend is van die tyd (vroeë 19de eeu) waarin die gedig geskryf is nie, maar weerspieël ook ’n sosiopolitieke ideologie wat tot laat in die 20ste eeu van krag was in die Suid-Afrikaanse bestel – die menslike geskiedenis van geografiese afbakening en besitterskap soos deur natuurlike geskiedenis geïmpliseer.

Hierdie aanhaling, ingebed in die gedigreeks, ondersoek derhalwe ook die kollektiewe geheue van verskillende mense, wit en swart – die oorgeërfde geskiedenis van onderdrukking en magsvergrype en kolonisering van mense en plekke deur wit mense, implisiet gestel teenoor ervaring van onmag en oorheersing van die swart mense. Met die aanhaling slaag die digter daarin om met enkele kwashale die hele polarisasie en vergrype van die verlede oop te kerf, daar, vir almal om te lees. Die aanhaling is beide aanklag en klaaglied van skuld en erkenning vir die wit leser, terwyl die swart leser hiermee identifiseer as klaaglied van sy eie gekoloniseerde, ontheemde en oorheerste verlede.

In die eerste gedig, “‘ek wil ’n graf hê om van om te draai’”, word die dood van die vaderfiguur as tema gebruik om die sinonieme aard van vaderskap, grondbesitter en identiteit deur te trek, wat ironiserend is teen die agtergrond van die kras “Anoniem”-mottogedig. Verwysings na “hoort” en “nie hoort nie” staan sentraal: Die digter sien haarself as een met die vader, “’n deel van wat ek is hoe ek hoort”, wat saam met die vader terugkeer na die grond toe. Vader en grond word sinoniem, die plek van behoort. Hoort en nie hoort nie sny egter dieper – dit dui eweneens op die selfgeregtigheid van wit bewoners van hierdie plek in die verlede, die toe-eiening van en heerskappy oor plek en mense van die plek, terwyl ’n nuwe vorm van vervreemding en ontheemding intree wat deel van die huidige politieke bestel uitdruk. Die “gehawendheid”, “ontroosbaarheid” en “onmededeelsaam[heid]” van die groep begrafnisgangers is tekenend van ontheemding, vervreemding en van nie hoort nie, ’n nuwe vorm van buitestanderskap, wat toenemend deel van die ervaringswêreld word van die voorheen bevoorregtes, en deel van ’n postapartheid werklikheid:

[...] sy verwarde

nageslag staan waar ons voel ons nie hoort nie
verduur deur geboortegrond waaraan ons vir geslagte
bloei plek kon niemand vir ons bestendig nie [...] (10)

Die beskrywing “verwarde” met betrekking tot “nageslag” dui moontlik op die dilemma waarin die Afrikaner hom deesdae bevind – sy geïmpliseerde skuld aan die verlede en aan die dade van sy voorvaders, die verwarring oor sy plek en “reg” op hier wees in die huidige Suid-Afrikaanse landskap, gebrek aan leierskap in die land en die in duie stort van bestaande strukture, wat bydraend is tot die aftakeling van bestaande plekspesifieke hulpbronne soos water en grond, wat op sigself ’n enorme impak op die voedselvoorsieningvermoë van die land het – alles dinge wat tot ontheemding en vervreemding en verwarde identiteit kan lei. Voorts verwys “verwarde nageslag” ook na die gekompliseerdheid van die Suid-Afrikaanse gemeenskappe, wisselwerkinge tussen kultuurgroepe, kultuurverskille, maar ook kultuurooreenkomste. Want in al die kulture word grond en plek as ’n sentrale bate beskou, as ’n

magsposisie, en die verbintenis tussen kultuur en plek dui op die feit dat kultuur ook ekosistemies georganiseer is.

In die gedig is dit duidelik dat die "geboortegrond" verlore is, nie bestendig kon word nie; die grond het die familie wat daarvoor gebloei het, maar net "verduur" – 'n antropomorfiese eienskap wat aan die grond toegedig word, en bevestiging daarvan is dat die aarde aan niemand kan behoort nie, 'n refrein wat in meer as een latere gedig weerklink, byvoorbeeld in "(probeerslag 5: grond"):

> hoe duidelik praat die grond nie met
> ons nie: dit behoort nie aan ons nie,
> ons behoort aan die grond soos lug
> behoort grond aan niemand nie. (100)

Met die intree van die antropomorfisme in die gedig wys die digter op die wyse waarop daar stem en agentskap gegee word aan die plek self as verhalende en aktiewe deelnemer aan die diskoers.

Die verlies van die vader is ook die verlies van die samebindende faktor van plaas en geboortegrond: "hy's weg en hoe los dryf ons nie reeds" (11). Die verlies strek dieper – dit is ook die verlies van die "Afrikanergewete", die "taalheid" en "witheid".

In teenstelling met die geïmpliseerde baasskap van die vader en die onhandigheid van die swaers, skoonseuns, kleinseuns en neefs wat "nie een tuis is met 'n graaf nie", en by implikasie nie dieselfde verbintenis met die grond het as die vader nie, is die stem en teenwoordigheid van Hendrik Nakedi wat oorneem met die toegooi met "grond in sy eeltgewerkte hand" (11), 'n verteller wat in die vyfde gedig, "'n verhaal", sterker op die voorgrond tree. Die jare lange verbintenis tussen Matjama (die vader Willem) en Hendrik, wat saam met hom grootgeword het en 'n leeftyd lank saam met hom gewerk het, word ontgin. Ironies natuurlik ook, hoe die veelvuldige betekenislae van die woord "tuis", hier ingespan word.

Hendrik en die vader, Willem, se "ewe grootword" (met "ewe" 'n weerklank van die woorddeel "mede-" in die bundeltitel), en "gelyk-gelyk" wees, en hul gesamentlike verbintenis tot die grond kom tot 'n skielike einde met die dood van Willem. Die verhouding van die twee mans met die grond word direk beïnvloed en gekompliseer deur die verhouding van baasskap en eiendomsreg. Ten spyte van die liefdevolle broederskap tussen die twee mans is die skreiende slotstrofe waarin Hendrik sy begeerte na grond uitspreek, tekenend van die "mede-wete" van onreg en skuld wat die kinders en kindskinders moet dra:

> grond sal ek wil hê klein ek wil kan weet: mýne hier bly ek
> hier bou ek sit ek op my plek [...] (17)

Ironies is die woorde "sit ek op my plek" (17), wat nie net op die begeerde besitterskap van grond wys nie, maar ook sinspeel op die idiomatiese uitdrukking *iemand op sy plek sit*, dikwels vanuit 'n magsposisie gesê aan 'n kind, onderdanige of mindere.

Eendersheid, mede-mens wees en gelyk wees word 'n ironiese sinspeling op andersheid en buitestanderskap. Ook in "dis hy!" (22) word die "aandadigheid" "onverduurbaar", want "vas/ geheg bly ons hede aan die verlede sterf": die hede kan nie van die verlede ontkom nie en

bepaal die leefbaarheid van die hede. Die ondertoon is dié van magteloosheid, verlies en hartseer oor die onontkombaarheid van die verlede.

Waar "'n verhaal" met die konkrete werklikheid werk, is die daaropvolgende gedig in die reeks, "leef die mite" (18), meer abstrak en universeel van aard. Die gevoel van plekgesentreerdheid, plekspesifisiteit, plekverbondenheid en ingeplaastheid word in oorrompelende, voortstuwende taal en beelde aangebied. Nie net slaag Krog daarin om 'n ingeplaaste leeservaring by die leser te bewerkstellig deurdat die leser voel of sy dáár is nie (implisiet die Vrystaatlandskap van "bloekom- wilger- populier"-bome) – maar ook meegevoer word deur die jubelende ode aan die "sublieme" skoonheid van die aarde. Alles berus egter uiteindelik op die "mite" wat ons leef, "die grond-as-ons-s'n", dat die verruklike plek waarmee ons identifiseer, aan ons behoort. Hieruit spruit voort 'n gevoel van verlies aan die sublieme en herkenning van 'n nuwe, hersiene sublieme, waarin skoonheid en verwoesting paradoksaal saam bestaan. 'n Interpretasie van die hersiene sublieme sien nou die landskap as slagoffer van die geskiedenis en van menslike aksies (Smith 2012a:511).

Die verbintenis tussen plek en geboorte word eweneens in die gedig herhaal, die lewensdraad wat plekverbondenheid bewerkstellig, met die implisiete betekenis dat ons van die aarde is, "nog altyd van stof is" (19), soos die daaropvolgende gedig dit uitdruk. In die slotreël word die mite wreed verbreek: "totdat 'n vlammestriem ons verlange tot stoppels seng" (18). Die "vlammestriem" herinner eweneens aan die onvermydelike oordeel van aardverwarming wat op die aarde wag.

Die besitterskap van die mens oor die aarde word ook in die lieflike pantoen "versteende boomstam" (23) ondersoek:

> die aarde behoort aan niemand en is gesmolte ewigheid.

Ewigheid, ekologiese tyd, transnasionaliteit ("hier op jou lessenaar in Kanadese mika lig") en relatiwiteit van die menslike bestaan op aarde is temas wat in hierdie gedig aangesny word. Agentskap en die aarde as handelende agent tree op die voorgrond wanneer die aarde sing, maar ook die mens aanspreek. Met die woorde "die aarde is een en spreek jou vry van vaderlandsbesit" word die leser gedwing tot die besef dat grondbesit en die besit van 'n vaderland relatief is. Dit is 'n ontgogelende gewaarwording teen die agtergrond van die land se politieke klimaat, maar terselfdertyd bevrydend. Die "argeloos" opgetelde klippie in die Vredefortkrater blink nou in "Kanadese mika lig" – oor vaderlandsgrense en "vaderlandsbesit" heen; die skoonheid transendeer een bepaalde plek en word deel van 'n universaliteit, 'n sang "in gigabyte". Die pantoen as versvorm is hier uiters geskik om die onderlinge verbondenheid van alle dinge deur herhaling en skakeling uit te druk.

Die skoonheid van die plek word in "om soos vroeër" (21) aan eie lyf ervaar, om "nader aan die afdraai te hoor hoe rits my gewrigte los / hoe sidder my vel [...]", "[...] liedswermend soos / ek eens geloop het as julle kind [...]". Maar die skoonheid is aangetas deur die "werf van leuens". Die "wit batende kind", wie se lewe eens "in stand gehou" is deur haar ouers en deur "volkoringheilsaamheid" en onvernietigbaarheid, dra nou die skuld van haar bevoorregting, waarvan sy self "sorgloos dieploos bloosloos" deel was en sién die "heerskare" wat "onder ons hak" verbrysel is: "ek dra met julle saam dit wat nou so / skeur uit 'n haag van bloed en bitter wraakgebroei." Hier word by uitstek multidimensioneel na die stukkie gekose aarde gekyk – dit sluit in die ontnugterende besef van skuld en die diep skeur wat veroorsaak is nie net in die

aarde nie (vergelyk die voorbladkunswerk), maar ook tussen "ons" en "julle". Die verwysing na "onder ons hak 'n gehaksel wat bloei" gaan so ver as om die Bybelse konnotasie (Gen. 3:15) van verbryseling van die vyand (die slang as simbool van boosheid) te aktiveer – iets wat die diepgewortelde haat van die verlede versinnebeeld, en die skuld waaraan die digter-verteller nou saamdra.

In die twaalfde gedig (24) word van opstapelingstegnieke gebruik gemaak om die toenemende verval van die plaas uit te druk, waardeur die kwessies van grondbesit en grondbestuur geproblematiseer word. 'n Politieke bestel wat misluk in sy pogings tot grondhervorming word implisiet hierby betrek. Die skoonheid bly egter onderliggend teenwoordig as iemand nog soggens uitstap op die werf en "haar hande [lig] soos goue granate" (24).

Dieselfde plek, dieselfde plaas, met die botsende gehegthede van verskillende mense, veronderstel 'n netwerk van verhoudings wat die gekompliseerde werklikheid van die Suid-Afrikaanse landskap en plek uitdruk, hul plekgehegthede en -verbintenisse. Eweneens word die nieverbondenheid van die grond en grond se onafhanklike agentskap uitgebeeld. Deur gebruik te maak van die voorgestelde inklusiewe raamwerk van 'n eie Afrikaanse ekokritiek wat beide ekosentries en postkoloniaal na plek en omgewing kyk, word plek uitgedruk wat kontekstueel as deel van 'n netwerk gesien kan word, 'n uitgebreide en interaktiewe raamwerk van verhoudings wat wedersydse insluiting behels. Die betekenisse wat deur die mens aan plek gekoppel word, weerspieël die unieke eienskappe van nie net die landskap nie, maar die kollektiewe, kulturele en historiese geheue van die spesifieke plek, terwyl die rol wat plek speel, op aktiewe agentskap dui.

7. Ten slotte

Krog slaag in hierdie gedigreeks daarin om die leser voor dié één waarheid tot stilstand te bring: dat "[grond] – tussen hakies onvertaalbaar" is, soos gedig 4 (14–5) getitel is. Die gedigreeks se veelstemmige aard slaag daarin om al die stemme van die mense wat op die "werf" woon, te laat opklink; en die aarde self praat mee. Skuld en onreg, liefde, verlange, ontheemding, vervreemding, maar ook hoop word weergegee in 'n vervlegting van verhoudings en verwantskappe tussen wat óp en wat ván die aarde is.

John Muir, natuurskrywer en biograaf van Walt Whitman, maak meer as 'n eeu gelede die volgende stelling oor die poësie van Whitman, woorde wat eweneens vandag waar is van Krog se poësie en skrywerskap: "When we try to pick out anything by itself, we find it hitched to everything else in the universe" (Muir 2019:110).

Om 'n blik op die Afrikaanse postkoloniale ekokritiek te werp, beteken nie om op 'n binêre wyse skeiding te maak tussen ekokritiek aan die een kant, wat hoofsaaklik oor omgewing en natuur gaan, en postkolonialisme aan die ander kant, wat oor mense gaan nie. Dit sou neerkom op 'n uiters eng blik wat nie die ingewikkelde konneksies tussen al hierdie sake in ag neem nie. Ek staan dus 'n omvattende, inklusiewe perspektief voor van 'n ekokritiek wat leefruimte en plék skep vir al die onderlinge verbintenisse.

Ekokritiek as literêre teorie van plek is die een teorie – as't ware ook 'n teorie van alles – wat ons in staat stel om hierdie interkonnektiwiteit van alle dinge raak te lees. Die matriks soos in

Krog se poësie gevind, is die matriks van die heelal – van alle lewende en nielewende en menslike en niemenslike dinge, die verhoudings van hierdie dinge tot mekaar en die "mede-wete" dat wat ons ook al op hierdie plek aan die suidpunt van Afrika dink en doen, uitkring en alle dinge en alle mense raak.

Die vinnig veranderende en ontwikkelende landskap van ekokritiek internasionaal dui op toenemende betrokkenheid wêreldwyd by 'n literêre teorie van kritieke belang. In die Suid-Afrikaanse konteks het daar in die afgelope tien jaar 'n versnelling in belangstelling plaasgevind en lewer die Afrikaanse literêre sisteem tans op 'n deurlopende basis waardevolle ekokritiese navorsing. In ooreenstemming met internasionale klemverskuiwings na bioregionale studies, transnasionalisme en veral ook die Globale Suide en sy rol van weerstand en terugskryf, het Afrikaanse navorsers 'n belangrike bydrae om te lewer oor eie plek en eie letterkunde. Ons mag nie toelaat dat daar namens ons letterkunde en ons plek gepraat word nie. Nêrens anders in die wêreld is daar 'n plek presies soos hier nie; niemand anders kan oor hierdie plek skryf en teoretiseer soos juis ons wat van hier is en wat hierdie unieke plekverbintenis daagliks ervaar en die genuanseerde en dikwels problematiese konteks beleef nie. Ons, as die stiplesers van die Afrikaanse letterkunde, moet rentmeesterskap neem van die plek en van die teorie oor die plek en oor die lewende en nielewende dinge wat ons omring.

Bibliografie

Ashcroft, B., G. Griffiths en H. Tiffin. 1989. *The empire writes back: Theory and practice in post-colonial literature.* Londen en New York: Routledge.

Attwell, D. en D. Attridge (reds.). 2012. *The Cambridge history of South African literature.* Cambridge: Cambridge University Press.

Barendse, J.M. 2013. Distopiese romans in Afrikaans na 1999. Doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

—. 2016. Die "grense van menswees" en insekwording in Willem Anker se toneelstuk *Samsa-masjien*. *LitNet Akademies*, 13(3):1–25. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/12/LitNet_Akademies_13-3_Barendse_1-25.pdf.

Brandt, W. 1980. *North-South: A program for survival (The Brandt report)*. Cambridge en Massachusetts: MIT Press.

Buell, L. 1995. *The environmental imagination: Thoreau, nature writing, and the formation of American culture*. Cambridge, MA en Londen: Harvard University Press.

Burger, B. 2019. "Al half dier": Objekgeoriënteerde ontologieë, gestremdheidstudies en *Siegfried* (Willem Anker). *Tydskrif vir Letterkunde*, 56(2):28–37.

Coetzee, C. 2015. Huisies aan die Rand: Ekokritiek en in die besonder stedelike ekokritiek as lens vir die lees van sewe gedigte met Johannesburg as agtergrond. *LitNet Akademies*, 12(3). https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/12/LitNet_Akademies_12-3_CorneCoetzee_1-50.pdf.

Coetzee, J.M. 1988. *White writing: On the culture of letters in South Africa*. New Haven en Londen: Yale University Press.

Crous, M. 2016a. Die hadeda as liminale dier in *Kaar* van Marlene van Niekerk. *LitNet Akademies*, 13(1):209–31. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2016/05/LitNet_Akademies_13-1_Crous_209-231.pdf.

—. 2016b. 'n Diergerigte lesing van "Beeld van 'n jeug: duif en perd". *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 23(1):32–47.

Darici, K. 2015. "To draw a map is to tell a story". Interview with Dr Robert T. Tally Jr. on geocriticism. *Revista Forma*, 11:27–36.

DeLoughrey, E. en G. Handley. 2013. Postcolonial ecologies: Literature of the environment. *Caribbean Studies*, 41(2):300–4.

Flys, C. 2010. The state of ecocriticism in Europe – panel discussion. *Ecozon@*, 1(1):108–22.

Foucault, M. en J. Miskowiec. 1986. "Of other spaces." *Diacritics*, 16(1):22–7. https://www.jstor.org/stable/464648?seq=1#metadata_info_tab_contents (10 Januarie 2022 geraadpleeg).

Fourie, R. 2018. Duiwelsadvokate en die ekokritiek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(4–2):1010–4.

Galloway, F. (red.). 2019. *Breyten Breytenbach: woordenaar, woordnar*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Greyling, F. 2015. Sin van plek, ingeplaastheid en bioregionaliteit in 'n kunstenaarsboek-installasie, *Mooirivier: weerspieëling en weerklank*. *LitNet Akademies*, 12(3):308–57. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/12/LitNet_Akademies_12-3_FranciGreyling_308-357.pdf.

—. 2017. Plekspesifieke digitale literatuur: Samespel en wisselwerking in nuwe kontekste. *LitNet Akademies*, 14(2):147–89. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2017/10/LitNet_Akademies_14-2_Greyling_147-189.pdf.

Handley, G. 2007. Down under: New world literatures and ecocriticism. *The Global South*, 1(1):91–7.

Huggan, G. en H. Tiffin. 2015. *Postcolonial ecocriticism. Literature, animals, environment.* 2de uitgawe. New York: Routledge.

Johnson, L. 2009. Greening the library: The fundamentals and future of ecocriticism. *Choice,* 7–13. http://www.asle.org/wp-content/uploads/ASLE_Primer_GreeningLibrary.pdf (10 Januarie 2022 geraadpleeg).

Krog, A. 2014. *Mede-wete*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kuhn, T. 1970 [1962]. *The structure of scientific revolutions*. 2de uitgawe. Chicago: University of Chicago Press.

Marais, J.L. 2020. N.P. Van Wyk Louw se diere en gestaltes herbesoek: ’n Ekokritiese lesing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(2):435–47.

Meintjes, G. 1995. Die ekologie as (vernuwende) leesstrategie. *Stilet,* VII(2):22–85.

Meyer, S. 2006a. Riviere as identiteitskonstrueerders. *Literator*, 27(3):51–78.

—. 2006b. Wildernis en woestyn: Omgewingskragte teen die mens s’n in *Boendoe* (Chris Barnard) en *Toewaaisand* (Christoffel Coetzee). *Literator*, 27(1):57–78.

—. 2008. Die Kalaharimense in Willem D. Kotzé se *Kalahari-kind* en *Kalaharijoernaal*: ’n Outo-etnografiese verkenning met aandag aan identiteitsbeïnvloeding deur die natuur. *Stilet*, 20(1):192–214.

—. 2010. Natuur en (skrywende) mens: Petra Müller se verhaalkuns binne die raamwerk van letterkunde as kulturele ekologie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 47(1):41–53.

—. 2012. Stemme van agter die plaas se hek: Die mens-natuur-“gesprek” in *Dwaalpoort* van Alexander Strachan. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 52(2):290–306.

—. 2014. “Ons ís mense. My kinders hét gesigte.” Die natuurlike omgewing en die konseptualisering van die self in *Karretjiemense* (Carol Campbell). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3):675–92.

—. 2015. ’n Alternatiewe beskouing van die natuur se andersheid in E. Kotze se kortverhaal “Halfkrone vir die Nagmaal”. *Tydskrif vir Letterkunde*, 52(2):102–16.

—. 2017. Mens-plant-verbintenisse in *Die sideboard* (2014) van Simon Bruinders. *LitNet Akademies*, 14(1):1–26. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2017/06/LitNet_Akademies_14-1_Meyer_1-26.pdf.

—. 2019. Wildernis van menslike belewenis in *Die troebel tyd* van Ingrid Winterbach. *LitNet Akademies*, 16(3):103–27. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/12/LitNet_Akademies_16-3_MeyerS_103-127.pdf.

—. 2021. Ecocritical concerns in select Afrikaans narrative works: Critical perspectives. *Journal of Literary Studies*, 37(4):84–105.

Muir, J. 2019. *My first summer in the Sierra*. Boston: Houghton Mifflin.

Opperman, S., U. Özdağ, N. Özkan en S. Slovic (reds.). 2011. *The future of ecocriticism: New horizons.* Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.

Oppermann, S. (red.). 2015. *New international voices in ecocriticism*. New York en Londen: Lexington Books.

Oscarson, C. 2010. Where the ground responds to the foot: Kerstin Elkman, ecology, and the sense of place in a globalized world. *Ecozon@*, 1(2):8–21.

Schama, S. 1995. *Landscape and memory*. New York: Random House.

—. 2015. Foreword. In Oppermann (red.). 2015:vii–viii.

Schliephake, C. 2015. Review essay. Re-mapping ecocriticism: New directions in literary and urban ecology. *Ecozon@*, 6(1):195–207.

Slovic, S., S. Rangarajan en V. Sarveswaran. 2015. Introduction. In Slovic e.a. (reds.) 2015:1–10.

Slovic, S., S. Rangarajan en V. Sarveswaran (reds.). 2015. *Ecocriticism of the global south*. Londen: Lexington Books.

Smith, C. 2018. 'n Ekokrities-filosofiese perspektief op die kortverhaal "Katvoet" (Riana Scheepers): Die mens en die natuur. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(2):310–29.

Smith, S. 2012a. Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman. *LitNet Akademies*, 9(2):500–23. https://www.litnet.co.za/assets/pdf/8GWSmith.pdf.

—. 2012b. Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk. *LitNet Akademies*, 9(3):887–928. https://www.litnet.co.za/assets/pdf/Smith_9_3_GW17.pdf.

—. 2014a. Die tasbaarheid en die on(aan)tasbaarheid van literatuurteorie: Ekokritiek en die nuwe materialisme. https://www.litnet.co.za/poolshoogte-die-tasbaarheid-en-die-onaantasbaarheid-van-literatuurteorie-ekokritiek (10 Januarie 2022 geraadpleeg).

—. 2014b. Ekokritiek en die nuwe materialisme: 'n Ondersoek na die nuwe materialisme in enkele gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute* (2012). *LitNet Akademies*, 11(2):749–74. https://www.litnet.co.za/assets//pdf/joernaaluitgawe_11_2/11_2_Smith.pdf.

—. 2015. Plek as liggaam en liggaam as plek. Tendense van die nuwe materialisme en interaksie tussen mens en plek in enkele tekste uit *Verweerskrif* (2006) van Antjie Krog. *LitNet Akademies*, 12(2):1–24. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2015/11/LitNet_Akademies_12-2_Smith_1-24.pdf.

—. 2016. "Landskapverinniging" as sentrale motief in die gedig "tesis in gestapelde sillabeversteuring oor ingebedheid" in die bundel *Mede-wete* (2014) van Antjie Krog. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4):1213–26.

—. 2021. Literêre kartering van plek: 'n Geokritiese ondersoek na materiële verbeelding en ingeplaaste skryf in twee "Tuinverse". *LitNet Akademies*, 18(2):347–76. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/08/LitNet_Akademies_18-2_Smith_347-376.pdf.

Stanley, B. en W.D. Phillips. 2018. South African ecocriticism: Landscapes, animals, and environmental justice. In *Oxford handbooks online*. Oxford: Oxford University Press. https://www.oxfordhandbooks.com/view/10.1093/oxfordhb/9780199935338.001.0001/oxfordhb-9780199935338-e-154 (10 Januarie 2022 geraadpleeg).

Steenkamp, E.L. 2011. Identity, belonging and ecological crisis in South African speculative fiction. Doktorale proefskrif, Universiteit Rhodes.

Tally, R.T. jr. 2013. *Spatiality.* New York: Routledge.

Tally, R.T. jr. en C. Battista (reds.). 2016. *Ecocriticism and geocriticism: Overlapping territories in environmental and literary studies*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.

Thiong'o, N. 1986. *Decolonising the mind: The politics of language in African literature.* Londen: J. Currey.

Van Heerden, N. 2021. Toekomstaal, saadstories en ekokritiek in Alettie van den Heever se *Stof*. *LitNet Akademies*, 18(1):87–132. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/04/LitNet_Akademies_18-1_vanHeerden_87-132.pdf.

Viljoen, L. 2019. "Hand my hond": 'n Dierestudies-perspektief op verskyningsvorme van die hond in die digter se latere poësie. In Galloway (red.) 2019:121–51.

—. 2021. Dystopian ecologies: Thinking about South African ecocriticism through a comparative reading of Henrietta Rose-Innes's *Green Lion* and Alettie van den Heever's *Stof* (*Dust*). *Journal of Literary Studies*, 37(1):20–35.

Visagie, A. 2013. Pasmaatspesies, niemenslike diere en die omgewing: Gedagtes oor die postkoloniale ekokritiek in Suid-Afrika. https://www.litnet.co.za/pasmaatspesies-niemenslike-diere-en-die-omgewing-gedagtes-oor-die-postkoloniale-ekokritiek (20 Januarie 2022 geraadpleeg).

Vital, A. 2008. Toward an African ecocriticism: Postcolonialism, ecology and *Life & Times of Michael K. Research in African Literatures*, 39(1):87–106.

—. 2015. Ecocriticism, globalized cities, and African narrative, with a focus on K. Sello Duiker's *Thirteen cents*. In Slovic e.a. (reds.) 2015:213–32.

Voss, T. 2012. Refracted modernisms: Roy Campbell, Herbert Dhlomo, N.P. Van Wyk Louw. In Attwell en Attridge (reds.) 2012:339–59.

Woodward, W. 2008. *The animal gaze. Animal subjectivities in Southern African narratives.* Johannesburg: Wits University Press.

Woodward, W. en E. Lemmer. 2014. Figuring the animal in post-apartheid South Africa. *Journal of Literary Studies*, 30(3):1–5.

Eindnotas

[1] Keurdersinsig – met dank.

[2] Keurdersinsig – met dank.